# TURKSE

# Somertoer




Nou met direkte *Turkish Airlines* vlugte ✈ ✈

## 14 tot 27 Junie 2027

Kom saam op ons 14-dae avontuur na ***Turkye!*** Die spesiale groepstarief (insluitend lughawe- en brandstofheffings en twee etes elke dag) beloop **R50 990** per persoon.

**<u>Reisplan</u>**

**<u>Dag 1: Maandag, 14 Junie</u>** **Kaapstad → Johannesburg →**
Die groot dag breek uiteindelik aan! Ons vertrek vroegaand vanaf Kaapstad en Johannesburg met direkte ***Turkish Airlines***-vlugte. Geniet die lugdiens se gasvryheid en oornag aanboord na aandete.

**<u>Dag 2: Dinsdag, 15 Junie</u>** **→ Istanbul → Kappadosië** (middag- en aandete ingesluit)
Na 'n vroeë ontbyt land ons vroegoggend op die nuwe Istanbul-lughawe, vanwaar ons aansluitings-vlug vertrek na Kayseri te **Kappadosië**. Ons word deur ons toergids ontmoet en reis na ons spoggerig vierster hotel, waar ons die volgende twee nagte oorbly**.** Daar is tyd om uit te pak en 'n bietjie te rus. Om **14:00** vertrek ons na die ongelooflike ondergrondse stad Derinkuyu vir besigtiging. Christene het daar geskuil van hul Romeinse vervolgers. Tydens ons besoek aan Kappadosië kan ons ons verwonder aan die *Fairy Chimneys*, wat uit vulkaniese rots gevorm is. Aandete om **19:00** in ons hotel.

**<u>Dag 3: Woensdag, 16 Junie</u>** **Kappadosië** (ontbyt en aandete ingesluit)
Daar is baie vroeg vanoggend 'n opsionele lugballon-toer van die omgewing. Na ontbyt besoek ons die *Goreme Valley*. Sien die *Apple Church*, *Church of Sandals* en die *Church with a Buckle*. Daarna besoek ons die *Zelve Valley* en die ongelooflike ondergrondse stad van Kaymakli. Vulkaniese berge het miljoene jare gelede vulkaniese as oor die streek uitgestrooi. Met verloop van tyd het hierdie vulkaniese as in tufa verander. As gevolg van duisende jare se verwering het hierdie uitstortings 'n argiologiese wonder geword. Ons besoek ook Ortahisar en Avanos, voordat ons terugkeer na ons hotel vir aandete.



***Die wonderwêreld van Kappadosië***



***Antalya, aan Turkye se suidelike kusgebied***

**<u>Dag 4: Donderdag, 17 Junie</u>** **Kappadosië → Tarsus→ Antalya** (ontbyt en aandete ingesluit)
Na 'n vroeë ontbyt vertrek ons na Tarsus, die geboorteplek van Paulus. Die geskiedkundige stad dateer uit die veertiende eeu vC! Paulus het ook die stad tydens sy tweede en derde sendingreise besoek. Geniet die pragtige kus-roete weswaarts na **Side/Antalya**, waar ons die volgende drie nagte oorbly.

**<u>Dag 5: Vrydag, 18 Junie</u>** **Antalya** (ontbyt en aandete ingesluit)
Na ontbyt het ons die dag vry om net te ontspan langs die Middelandse See, of om die pragtige ou stad van Antalya, met sy vele interessante geboue en winkeltjies, te ontdek. Ons ontmoet weer om 19:00 vir aandete in ons hotel.

**<u>Dag 6: Saterdag, 19 Junie</u>** **Antalya → Perge → Aspendos → Antalya** (ontbyt en aandete ingesluit)
Ons vertrek, na ontbyt, op 'n besigtigingstoer na Perge en Aspendos. Paulus het **Perge** twee maal tydens sy eerste sendingreis besoek.

Ons sien onder andere die ruïnes van Christelike kerke wat uit die vyfde eeu dateer. In **Aspendos** besoek ons een van die bes bewaarde Romeinse Amfiteaters (daterende uit die tweede eeu!). Aandete om 19:00 in ons hotel.

**<u>Dag 7: Sondag, 20 Junie</u>** **Antalya → Hierapolis → Pamukkale** (ontbyt en aandete ingesluit)
Na 'n vroeë ontbyt vertrek ons na **Hierapolis** en besoek dié antieke stad. Dit is in hierdie antieke stad wat Filippus volgens oorlewering in 87 nC deur keiser Dominianius gekruisig is. Daar naby besoek ons ook die asemrowende warmwaterbronne van **Pamukkale**. Dit is 'n sprokieswêreld van sprankelende wit kastele! Aandete en oornag in Pamukkale.

**<u>Dag 8: Maandag, 21 Junie</u>** **Pamukkale → Kusadasi** (ontbyt en aandete ingesluit)
Na ontbyt vertrek ons na die mooi kusdorp, **Kusadasi**, waar ons die volgende twee nagte oorbly. Ons het die middag vry om te swem of die stad te verken. Aandete om 19:00 in ons hotel.



***Pamukkale***



***Kusadasi***

**<u>Dag 9: Dinsdag, 22 Junie</u>** **Kusadasi → Efese → Kusadasi** (ontbyt en aandete ingesluit)
Na ontbyt vertrek ons bus na die antieke Bybelse dorp **Efese**. Ons besoek onder andere die Odeon, Biblioteek van Celsus, Hadrianus-tempel, die Agora, die Marmerstraat en die amfiteater (met sy 25 000 sitplekke!). Efese is die bes bewaarde Grieks-Romeinse stad en een van die wêreld se voorste argeologiese terreine. Ons besoek ook die *Huis van Maria*, 'n pelgrimsplek waar Maria volgens oorlewering haar laaste jare deurgebring het. Aandete om 19:00 in ons hotel.

**<u>Dag 10: Woensdag, 23 Junie</u>** **Kusadasi → Izmir → Bursa** (ontbyt en aandete ingesluit)
Na 'n vroeë ontbyt vertrek ons na **Izmir** (die derde grootste stad in Turkye) vir 'n besigtigings-stop. Izmir is die ou stad Smirna, waarvan ons in Open 2:8-11 lees. Sien die strandpromenade van Kordon en die historiese markgebied van Kemeralti, wat uit die 1580's dateer. Laatmiddag arriveer ons by die stad **Bursa**, vir aandete en oornag. Bursa is veral bekend vir sy perskes, sy-handel, handdoek-vervaardiging en warmwaterbronne. Ons besoek ook die Groen Moskee in Bursa en daar is tyd vir interessante inkopies!

**<u>Dag 11: Donderdag, 24 Junie</u>** **Bursa → Nicea → Istanbul** (ontbyt en middagete ingesluit)
Na ontbyt vertrek ons verder noordwaarts na **Nicea**, wat dateer uit die jaar 1 000 vC! In 325 is die Geloofsbelydenis van Nicea vir die Christelike kerk hier opgestel. Ons besoek die St Sophia kerk, wat dateer uit die vierde eeu. Die kerk is bekend vir sy besondere mosaïk-vloer wat dateer uit die sesde eeu. Ons reis verder na Turkye se hoofstad, **Istanbul**, waar ons die volgende twee nagte oorbly.



***Die ruïnes van die Bybelse stad Efese***



***Istanbul se bekende Grand Bazaar***

**<u>Dag 12: Vrydag, 25 Junie</u>** **Istanbul** (ontbyt en aandete ingesluit)

Na ontbyt ontmoet ons ons toergids in die hotel se voorportaal om ons toer van hierdie interessante stad te begin. Ons besoek onder andere die St.Sophia-kerk, die Topkapi-paleis, die Blou Moskee, *Hippodrome* en die interessante *Underground Cistern*.

**<u>Dag 13: Saterdag, 26 Junie</u>** **Istanbul → Bosphorus →** (ontbyt en middagete ingesluit)
'n Laaste dag in hierdie opwindende stad! Na ontbyt is daar tyd vir verdere besigtiging of inkopies. Maak beslis 'n draai by die *Grand Covered Bazaar*, met sy meer as 4 000 winkels!
Na ontruiming van ons hotelkamers om 12:00 vertrek ons na die hawe vir 'n heerlike bootrit op die Bosphorus. Die Bosphorus is 'n seestraat wat Istanbul in twee verdeel. Ons vaar vanaf die Goue Horing, in die ou stadsgebied, en kronkel met die Bosphorus tussen Europa en Asië deur tot digby die Swart See. Daarna het ons kans om die interessante *Spice Market* te besoek.
Om **20:00** vertrek ons per bus na die lughawe vir ons direkte vlugte met ***Turkish Airlines*** terug na Suid-Afrika. Aandete word op die vlug bedien.

**<u>Dag 14: Sondag, 27 Junie</u>** **→ Johannesburg → Kaapstad**
Na 'n vroeë en wonderlike avontuur deur ***Turkye*** arriveer ons terug in **Johannesburg** en in **Kaapstad**.

## INGESLUIT BY DIE TOERKOSTE:

- ✓ Direkte vlugte in die ekonomiese klas vanaf Johannesburg of Kaapstad na Istanbul. Die retoervlug van Kaapstad se koste beloop 'n addisionele **R1 850**.
- ✓ 'n Binnelandse vlug van Istanbul na Kayseri.
- ✓ Lughawebelastings en brandstofheffings vir al die vlugte.
- ✓ Luukse busvervoer met 'n professionele operateur deurentyd.
- ✓ Alle tolgelde, parkeergelde en plaaslike belastings vir die duur van die toer.
- ✓ Verblyf vir elf nagte in uitgesoekte, sentraalgeleë vier-ster hotelle.
- ✓ Volle buffet-ontbyt elke oggend.
- ✓ 'n Tweede ete elke dag: tien aandetes en drie middagetes.
- ✓ Alle besigtiging (met toegangsgelde waar nodig) soos in die reisplan uiteengesit.
- ✓ Die dienste van 'n professionele Turkse toergids en 'n ervare Suid-Afrikaanse toerleier vir die duur van die toer.

## LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:

- Die voorlopige toerkoste van **R50 990** is gebaseer op lugreisgelde en landreëlingskostes in Mei 2026 en is onderhewig aan wisselkoers-veranderings.
- Visums om Turkye te besoek sal aanlyn vir alle toerlede uitgereik word teen die koste van **R330** per persoon.
- Die bybetaling vir diegene wat 'n enkelkamer verlang beloop **R9 780**.
- Billike en omvattende groeps-reisversekering van ***Santam*** is beskikbaar vir alle toerlede onder die ouderdom van 70 jaar teen **R490** vir die veertien dae (vir diegene ouer as 69 jaar is daar 'n hoër tarief).
- Ten minste 36 passasiers moet deurgaans saamreis.
- 'n Deposito van **R7 000** moet so gou as moontlik vereffen word.
- Die balans van die reisgeld moet **voor 20 Maart 2027** vereffen word.
- Kredietkaart-betalings word ongelukkig nie aanvaar nie.

## HOE OM TE BESPREEK:

Voltooi die besprekingsvorm en vrywaringsvorm en e-pos dit aan info@vandyktours.co.za.
Deposito's moet inbetaal word op (of oorgeplaas word na) die volgende rekening by

| | | |
|---|---|---|
| Nedbank: 119 1533 964 | Tak: *George* | Takkode: 198 765 |
| Rekeninghouer: *Van Dyk Travel* | Tipe rekening: Besigheids | Verwysing: TR127/ en u van |

Kontak die toerleier, ***Renhard van Dyk***, vir enige verdere navrae:
*Tel nr:* 082 767 8400 *E-pos:* info@vandyktours.co.za



VAN DYK TOERE
INNOVERENDE KWALITEIT SEDERT 1995